

**Vrydag 27 November**

**Skrifgedeelte: Amos 7:10-17**

**Fokusgedeelte: Amos 7:15**

### **Ongehoorsaamheid word gestraf**

Ons sien dit nie net by Israel nie, maar ook by Amasia van Bet-El, een van die priesters. Hy verteenwoordig die volk en dra as't ware hulle hart en gevoel oor as hy met Amos in 'n woordstryd tree. Profeet teen priester – kerk teen staat – die ware en valse kerk kom nou teen mekaar te staan.

Amasia tree op as woordvoerder vir sy tyd en meen Amos het hoogverraad teen die staat van Israel gepleeg. Amos moet sy goedjies pak en teruggaan na Juda waar hy vandaan kom. Só belet Amasia as't ware die kansel van Bet-El vir Amos. Bet-El is mos die sentrum van aanbidding van Israel en van die “staatskerk”. Die staat skryf nou vir die kerk en die Woord van God voor wat om te doen. Dit klink amper soos in ons tyd wat die heidense staat vir die kerk wil voorskryf hoe die Woord verstaan moet word volgens 'n stel mensgemaakte menseregte, terwyl die regte van God ontken word.

Amasia het vir God se stem doof geword, daarom het Amos se stem hom geïrriteer. Maar dis nie Amos wat op sy senuwees werk nie, Amos wys vir Amasia dat hy nie sy brood en botter verdien om 'n profeet te wees soos ander profete nie. God het hom geroep en dis die Here Self wat met hulle praat. Dis met God wat Amasia en die volk in die verleentheid is. Hulle moet hulle saak met God regmaak.

Vir Amasia het Amos se prediking die goed gevestigde strukture van die kerk in gevaar gestel en die mooi verhouding tussen kerk en staat vertroebel. Amasia was tevrede met die kerk soos dit was. Offers het gebrand, liedere is gesing, feeste is goed bygewoon en boonop was die koning ook in sy skik met die kerk. Vir die ware verkondiging van die Woord hou Amasia hom stokdoof. Hy wou nie luister wat God sê nie. Hy verwerp die eise van die Here. Hy buig nie daarvoor nie. Dan kondig die Here 'n verskriklike oordeel oor Amasia en sy huisgesin en Israel aan (vs 17).

Dit is wat gebeur met 'n kerkleier wat sy kerk in die afgrond inlei. So reken God af met 'n man wat sy woord en sy eer en sy gemak bo God se Woord stel. Mag ons as gelowiges die onvervalsde Woord van God liefhê en dit navolg. Mag ons elke keer weer in diepe berou vasgryp aan God se lankmoedigheid en liefde in Jesus Christus. Mag ek en jy tog luister na God se Woord vir elke dag en in elke omstandigheid, dan sal ons lewe!

*Sing: Psalm 89-1:1, 6*

*Ds. T.J. Potgieter (Theuns) (Port Elizabeth)*